NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 16 – Uitgawe 24
20 Julie 2023

# God is hier teenwoordig

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Wanneer 'n mens die onderskeie veelgodedomme van die antieke wêreld in oënskou neem, word 'n mens opnuut bewus van die uniekheid van die Jodedom en uiteindelik die Christendom wat daaruit ontwikkel het. Die besondere ontwikkeling van die Jodedom was juis die monoteïsme – die geloof in slegs één God.**

Hiedie één en enigste God, die Verbondsgod, omvat al die eienskappe van al die gode in sy onbeskryflike groot wese, en transendeer dit selfs. Die Verbondsgod, JHWH, onderskei Hom verder van die antieke gode deurdat JHWH by uitstek die teenwoordige God is. So anders as die groot kultusse van vrugbaarheids- en oorlogsgode wat die antieke godsdienstige toneel oorheers het, openbaar JHWH Hom as die God wat eenvoudig is. Soos Hy aan Moses gesê het: *Ek is wat Ek is* (Eks 3: 14). Die Lutherse Vertaling wat in 2017 verskyn het, vertaal dit in die toekomende tyd: *Ek sal wees wat Ek sal wees*. Van die meer vrye parafraserings vertaal dit met *Ek is, Ek is daar*. In al hierdie vertalings weerklink die begrip van 'n teenwoordige God – 'n alomteenwoordige God.

Hierdie eienskap van die Drie-enige Almagtige God is vir my op 'n ander kontinent duisende kilometers weg van my familie, vriende en geboorteland 'n geweldige bron van troos. 'n Mens ontwikkel 'n besondere waardering vir die Israeliete se versugting langs die riviere van Babel: *Hoe kan ons die lied van die Here sing in 'n vreemde land?* (Ps 137: 4). Weer eens troos die alomteenwoordigheid van hierdie teenwoordige God.

In die Nuwe Testament kry die alomteenwoordige God 'n hernude teologiese inhoud: Die teenwoordige God word in Jesus Christus konkreet by ons teenwoordig. *Die Woord het mens geword en onder ons kom woon* (Joh 1: 14) – *vlees geword*, sê die 1933/1953-vertaling. So naby kom hierdie teenwoordige God aan ons! Hy kom tot teenaan ons. In sy sterwe aan die kruis word Jesus Christus die teenwoordige God wat teenwoordig is in die dieptes van menslike pyn, lyding, angs en smart. Jesus Christus aan die kruis word die hoogste openbaring van die teenwoordige God.

Wanneer Jesus na die hemel opvaar en sy dissipels eers verskrik en verstar na die ope hemel staar, stuur Hy vir ons 'n ander Trooster om vir ewig by ons te wees. Weer eens: God sal by ons teenwoordig wees – hierdie keer in die gestalte van die Heilige Gees. Die Heilige Gees wat soos asem of wind waai waar Hy wil en gevolglik sy teenwoordigheid oral ervaarbaar maak.

In hierdie Almagtige Drie-enige God se teenwoordigheid vind gelowiges deur alle eeue heen troos. Daarby sluit ek myself in. Die groot katedrale in Duitsland met hul imposante argitektuur en orrelgeklank basuin dit uit: *God is hier teenwoordig. Laat ons biddend nader.* In my klein plattelandse gemeente bely ons Sondag vir Sondag: ...*waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle* (Matt 18: 20).

Wanneer ek verlang na die Hoëveld waar dit *wyd en oop is*, in die woorde van Toon van den Heever, of wanneer ek in die woud langs die Unterbachersee gaan stap, wanneer ek bid vir my mense aan die suidpunt van Afrika of vir my gemeente hier, vind ek troos in hierdie God wat eenvoudig net daar is.

**Dr Elritia le Roux**
**Freie Evangelische Gemeinde Wülfrath**
**Duitsland**

## Lief en leed





Mev Kowie Fouché




- **Prof Lourens Steenkamp** (emeritus/Makarios, 76), wat aan die einde van Mei vanjaar in ’n ernstige motorongeluk betrokke was, is Donderdag 13 Julie oorlede. Die troosdiens vind Vrydag 21 Julie om 11:00 plaas in die kerkgebou van die NG Kerk Mooifontein, op die hoek van Maraboe- en Grasuilstraat in Birch Acres, Kempton Park, en sal gelei word deur ds Robby Pienaar (emeritus). Dit is ook die kerkgebou wat deur Gemeente Makarios gebruik word. Die Kommissie van die AKV sou eersdaags prof Steenkamp se 50ste ampsjubileum saam met hom gevier het. Ons innige simpatie gaan aan mev Duveen Steenkamp en hul familie.

- Op Vrydag 14 Julie is tannie **Kowie Fouché**, moeder van ds Martin Fouché van Riebeeckstad/ Virginia, op haar 96ste verjaardag oorlede. Die dankdiens op Vrydag 21 Julie om 11:00 in Reitz sal gelei word deur ds Martin. Saam met die lidmate van Gemeente Reitz bid ons ds Martin en die familie die Groot Trooster se nabyheid toe.

- **Mev Maria Engelbrecht** (70), vrou van ds JJH (Koos) Engelbrecht (emeritus), is Woensdag 17 Mei oorlede weens ’n bloedklont vyf dae na ’n rugoperasie. Haar gedenkdiens op Vrydag 26 Mei het plaasgevind in Gemeente Kruin. Ons innige simpatie gaan aan ds Engelbrecht en hul familie.

- Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika nooi almal hartlik uit na ’n **Dankfees ter viering van die 90ste herdenking van die Afrikaanse Bybelvertaling** op **Sondag 27 Augustus om 15:00 by die Voortrekkermonument in Pretoria**. Bevestig asseblief teen 11 Augustus per e-pos na **rhoda@biblesociety.co.za** of u die geleentheid gaan bywoon.

DIE BYBEL IN AFRIKAANS 1933 – 2023 90

- **Die volgende predikante verjaar tot 28 Julie, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 20 Julie: Ds MM (Mari) du Plessis-Manders (41) (buiteland)
  - Vrydag 21 Julie: Ds JA (Hannes) Jansen van Rensburg (51) (Emmaus Kenleaf) en dr AJ (Adam) Zwarts (92) (emeritus)
  - Sondag 23 Julie: Ds J (Juanita) du Preez (49) (Pierneef)
  - Maandag 24 Julie: Ds PJHS (Henk) Pienaar (60) (Bosmansrust)
  - Woensdag 26 Julie: Di A (André) Oberholzer (55) (Witbank-Noord), PJ (Pieter) Steenkamp (66) (emeritus) en LJ (Louis) Steyn (77) (emeritus)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 7 Augustus** bereik **vir 18 Augustus** se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- **Ds NM (Nick) Alberts**, tans beroepafwagtend, aanvaar op 31 Julie 2023 emeritaat.

- Die NHKA het ’n **vakature** vir ’n **Ouditklerk by die Sinodale Dienssentrum** se Ouditafdeling in Pretoria.

  **Posvereistes**
  - Matriek.
  - Verdere kwalifikasie of opleiding sal ’n aanbeveling wees.
  - Kennis van SAGE One en/of Pastel sal ’n groot aanbeveling wees.
  - Rekenaarvaardig in ten minste Microsoft Office.
  - Ten volle tweetalig.
  - Geldige rybewys.
  - Vermoë om finansiële state op te stel en te interpreteer.

**Vaardighede**

- Pligsgetrouheid.
- Vermoë om as lid van 'n span te funksioneer.
- Goeie kommunikasie- en organisasievaardighede.

Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie 2023.** Aansoeke met CV moet gerig word aan mev AW Short, Posbus 2368, Pretoria 0001; of e-pos **annelie@nhk.co.za**. Navrae: 012 322 8885.

- **Gemeente Philadelphia** het 'n vakature vir 'n **terreinbestuurder**. Belangstellendes kan 'n e-pos stuur aan dr Sanrie de Beer by **nhkphiladelphia@gmail.com**.

- **Werkruimte vir voltydse bediening: Gemeente Weltevreden.** Gemeente Weltevreden in die ring van Roodepoort beskik oor 'n vakante werkruimte vir 'n voltydse predikant. Die traktement en ander voordele geld volgens die aanbevole skale van die Kerk. Aangesien die gemeente vir toekomstige volhoubaarheid in 'n jong predikant wil belê, sal voorkeur verleen word aan predikante met 10 jaar of minder diens. Predikante wat belangstel om na die gemeente beroep te word, kan 'n verkorte CV stuur **aan beide die skriba,** ouderling Danie Jansen van Rensburg, by **dokdanie@vrnet.co.za,** **en die viseskriba,** ouderling Nelius Tolmay, by **neliust@me.com voor 28 Julie 2023.** Die kerkraad wil graag die beroep van 'n volgende predikant voor 31 Augustus 2023 afhandel. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie en behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot, en mag selfs ander kandidate nader.

- **Werkruimte vir voltydse bediening: Gemeente Kempten.** Gemeente Kempten in die ring van Zuurfontein beskik oor 'n vakante werkruimte vir 'n voltydse predikant. Gemeente Kempten is 50 jaar oud en die gemiddelde ouderdom van lidmate is 45 jaar. Die visie van die gemeente is om te groei. Daar sal voorkeur verleen word aan predikante met **ses jaar of minder diens**. Die gemeente beskik oor 'n ruim pastorie. Predikante wat belangstel om na die gemeente beroep te word, kan 'n verkorte CV stuur aan die skriba, oudl Celma Channing, by **celma.channing@gmail.com**, **voor 18 Augustus 2023**. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie en behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot, en mag selfs ander kandidate nader. 'n Aanstellingsdatum sal met die suksesvolle kandidaat bespreek word.







- **Die Erfenisstigting en die Voortrekkermonument** beplan die eerste **Leer om te Konserveer-dag** in samewerking met die **SP Engelbrecht-museum** van die NHKA. Wil jy help om self 'n ossewa te bewaar? Dan is hierdie die ideale geleentheid om deel te neem. Leer meer oor praktiese hout- en metaalkonservering tydens hierdie werkwinkel. Alle materiaal sal voorsien word, asook 'n ligte ete. Wees deel van hierdie opwindende geleentheid om te leer, te bewaar en spore te los. Nooi of borg 'n kind/jongmens om te kom leer en te help. Prof Erik Holm gaan ook daar wees, en sy boek *Die ossewa en sy spore* gaan te koop wees. Dit is 'n unieke aktiwiteit waar ons almal skouer aan die wiel kan sit. Kom in vuilwordklere!

**Saterdag 5 Augustus 2023 om 08:30 vir 09:00**
SP Engelbrecht-museum, Eloffsdal
Mansfieldlaan 624, ingang Eloffstraat, Hek 4
R220 per persoon
**RSVP teen 25 Julie 2023**

Daar is slegs vir 25 persone plek. Vir meer inligting of om nou al jou plek te bespreek, kontak Monique Lubbe by **monique@kultuurtuiste.org.za**, skakel ons by 012 326 6770, of kontak ds Carel Johann de Bruin by 082 733 3951 of **careljohann@gmail.com** vir meer inligting.

- Die Museum wil graag 'n **losstaande kapstok** hê, en **benodig ook 'n borg** vir 'n nuwe geraamde plakkaat oor geestelike leiers tydens die Groot Trek. Kontak ds De Bruin by 082 733 3951 of **careljohann@gmail.com** as jy kan help.

## Vergaderings

- Vrydag 21 Julie: Moderamen
- Dinsdag 25 Julie: Kuratorium
- Woensdag 26 Julie: Rata Raadsvergadering en goedkeur van geouditeerde state
- Donderdag 27 Julie: ADV Finkom
- Vrydag 28 Julie: Beleggingskomitee

## 'n Gedig

**In die Hoëveld**

In die Hoëveld, waar dit oop is en die hemel wyd daarbo,
Waar kuddes waaigras huppel oor die veld,
Waar 'n mens nog vry kan asemhaal en aan 'n God kan glo,
Staan my huisie, wat ek moes verlaat vir geld.
En as ek in die gange van die myn hier sit en droom
Van die winde op die Hoëveld, ruim en vry,
Dan hoor ek die geklinkel van my spore, saal en toom,
Sawens as ek bees of skaap toe ry.

Op die Hoëveld, waar dit wyd is, waar jy baie ver kan sien,
(Die ylblou bring 'n knop dan in jou keel)
Staan my huisie nog en wag vir my, wag al 'n jaar of tien,
Waar die bokkies op die leigrafstene speel.
Maar as die tering kwaai word en ek hoor die laaste fluit,
Dan sweef ek na die Hoëveld op die wind
Ek soek dan in die maanlig al die mooiste plekkies uit
Waar ek kleiosse gemaak het as 'n kind.

**Toon van den Heever**
(Uit: *Eugène en ander gedigte*, 1939 en 1961)




## Kerklike en ander publikasies

- In die **Julie 2023-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** vertel ds Hannelie Botha in haar redaksioneel dat ons *Ses jaar gewag!* het vir ons NHSV Kongres wat tydens die skoolvakansie in Pretoria plaasgevind het. **Ds Carel Johann de Bruin,** kurator van die SP Engelbrecht-museum, deel met ons die verhaal van Gemeente Delmas se unieke kanselvenster, ontwerp deur dr Wian C Kloppers, in *Die kanselkleed (Deel 6).* Kom maak saam met ons 'n draai by die *NHSV Kongres 2023* se foto-uitstalling wat boekdele spreek van 'n suksesvolle kongres wat oor drie dae gestrek het met sinvolle besprekings, interessante kunstenaars en sprekers met kleurvolle uitstallings wat die aandag getrek het! **Mev Mariaan Steenkamp,**

uitvoerende direkteur van Rata Maatskaplike Dienste, vra *Groot asseblief*? hulp vir baba- en kindersorgpakkies vir wanneer babas en kinders uit krisissituasies verwyder en beveilig moet word. **Ds Gerhard Stoltz,** sekretaris van die Kommissie van die ADV, beskryf die noodtoestande weens die vloede in die Wes-Kaap en verduidelik hoe ons kan help. Volg die skakel na ons NHSV publikasies **https://nhsv.org.za/publikasies/**.

- Die **2022-uitgawe (Jaargang 10) van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie*** (*THT*) handel oor **Hervormde Kerkreg**. Die outeur is **dr Barry van Wyk** (emeritus/Warmbad). Die volledige pdf is op die Kerk se webblad beskikbaar, en die gedrukte boek kan teen R120 per eksemplaar (versending uitgesluit) bestel word van mev Sarie Roux by **boekwinkel@nhk.co.za**. Daar is ook nog eksemplare beskikbaar van die **2021-uitgawe (Jaargang 9)** oor **Skrifbeskouing**, waarvan **prof Wim Dreyer** die eindredakteur was, teen dieselfde prys.




- Lees die sewende uitgawe van die **gratis publikasie *Lalasini*** by **https://lalasini.co.za/om/#p=1**. In sy redaksionele berig skryf **dr Piet van Staden** (emeritus/Worcester) oor draaiseisoene – die tye van balans tussen die ekstreme, die dale tussen die pieke, die tye van refleksie en heroriëntering. Lees ook oor die stad Pretoria, die Welvanpas-staproete, kulturele toerisme, selfsorg, bejaardesorg, hoe om te leef met Parkinson se siekte, en vele meer. Vorige uitgawes kan hier gelees word: **Lalasini - Archive**.

## Toerusting

- Ouderlinge kan gerus die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se webtuiste** besoek. Gaan na **https://hervormdeteologie.co.za/ouderlinge/** vir inligting oor **gevorderde toerusting vir ouderlinge**. Tans verskyn daar reeds YouTube-skakels, PowerPoint-aanbiedings en Word-dokumente van Module I – *Die fasilitering van 'n erediens* **(ds Hannes van der Merwe)**; Module II – *Hoe berei predikante preke voor* **(dr Gerhard Nel)**; en Module III – *Die aanbied van 'n preek* **(prof Yolanda Dreyer)**. **Prof Stephan de Beer** se aanbieding van 29 Mei, *Hoe om jou gemeenskap beter te verstaan*, is ook daar beskikbaar. Laasgenoemde kan ook direk by **https://youtu.be/TnQNNDxzmP4** afgelaai word.




- Daar is verskeie **ouer video-opnames** wat steeds relevant is op die Kerk se webblad beskikbaar. Een daarvan is die program waarin **ds Janine Bevolo-Manders** met kundiges gesels het oor die tema *Ouers met kinders in die buiteland*. Gaan na **https://youtu.be/uWipUsFMbRM** om na dié program te luister. By **https://youtube.com/channel/UCZpPHQm8XpBoPZI4tJ9SFWQ** is nog verskeie ander YouTube-video's beskikbaar.

- **SAKOV 2023: Streekbyeenkoms**
  **Johannesburg, Wes-Rand en Oos-Rand**
  **Saterdag 12 Augustus, 07:45 vir 08:30**
  Uitnodiging aan SAKOV-lede, orreliste, leraars, musiekleiers en ander
  Gereformeerde Kerk Noordrand
  Landhuisstraat 1129, Allensnek
  R150 (nie-lede), ingesluit by lidmaatskap
  Tema: Lof- en Dankviering

**Voorlopige program:**

- Samesang met orrel, viool, klarinet en skuiftrompet.
- Idees uitruil oor lof-en dankliedere, asook koraalvoorspele.
- Werner Retief bespreek van sy orrelverwerkings.
- Publikasies vir orrel.
- Gaskunstenaar: Wie kan dit wees?
- Nuus vanuit SAKOV se uitvoerende komitee.
- Klein maar heerlike verrassing vir elke orrelis.

Registreer asseblief: Klik op **https://forms.gle/ZCqecgae6GZS7cqX9** om die aanlyn inskrywingsvorm te voltooi. **Die sluitingsdatum vir alle inskrywings is Vrydag 28 Julie 2023.** Geen betalings sal die oggend van die byeenkoms aanvaar word nie. Alle gelde moet direk in SAKOV se bankrekening inbetaal word. Stuur kopie van depositostrokie per e-pos na **danprett@gmail.com** as bewys van betaling.

Bankbesonderhede: SAKOV; ABSA (tjekrekening); 0290810574; tak Brooklyn (632005); verwysing: JHB + U VAN + U GEMEENTE (BYVOORBEELD: JHB-CALITZ-GK MOOIVLEI)

- **Kerkargief-konferensie: Woensdag 23 Augustus 2023**
  **NGK Vrystaat in Bloemfontein**
  Oor enkele van ons kerkfamilie se mees historiese dokumente
  Ouditorium van Oorlogsmuseum in Bloemfontein
  R250 per persoon
  Met proff Erik de Boer, Dolf Britz, Johann Rossouw en Lindi Koorts
  Drr Jurie van Wyk, Gideon van der Watt, Francois Smith en ds Jan Lubbe
  Registreer by Helena Smit 051 406 6725 / **argief@ngkvs.co.za**
  Navrae: Ds Jan Lubbe 082 784 9362 / **janlubbe1964@gmail.com**

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Barmhartigheid

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit

sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  Enkelwoonstel (*bachelor*): R495 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 vir meer inligting.

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Montana: Winterkuier en Musiekaand**
  **Saterdag 22 Julie om 16:30**
  R150 per persoon; R100 vir laerskoolkinders
  Ete ingesluit
  Skakel 012 567 1753 vir bespreking

- **Gemeente Hartebeestpoort (Brits): Bergfietswedren 5 Augustus**
  Keuse van 3 afstande: 36 km, 91 km,156 km
  Plek: Brits-vliegveld
  Tyd: Begin om 07:00
  Aanlyn inskrywings kan gedoen word
  Tydhouers van buite af en kontantpryse
  **Navrae:**
  Ds Corlien van der Merwe 083 654 8154
  Eliska by Hartebeestpoort-kerkkantoor 012 252 4315
  Michiel Ras 072 605 1393
  Mias van der Merwe 083 320 2466
  **Webwerf vir meer inligting en inskrywings:**
  **https://bosveldmtb.nhkhartebeestpoort.org.za/**
  Ook onder  "Bike Hub"
  Of soek op webwerf vir "Bosveldmtb"

- Ondersteun **Rata Maatskaplike Dienste se Gholfdag** op **Dinsdag 22 Augustus 2023** ten bate van **kinderbeskerming**.

  - Pryse vir ons dapper spelers – erkenning word aan alle donateurs op ons webblad gegee.
  - Skryf 'n span in.
  - Borg 'n putjie.
  - Borg 'n sorgpakkie vir kinders of vir babas wat verwyder word uit haglike omstandighede en tydelik in veilige bewaring geplaas word.

  Rata Maatskaplike Dienste is gebore uit die NHKA en werk deur die jare onverpoos voort om kinders uit moeilike omstandighede te red en aan hulle die nodige beskerming en statutêre dienste te bied, asook om die moeisame pad na heelwording saam met hulle te stap. Die koste daarvan beloop ongeveer R10 000 per jaar per kind. Rata help elke jaar meer as 1000 kinders wat in omstandighede van mishandeling, verwaarlosing en selfs situasies van kinderhandel vasgevang is.

  Stuur 'n WhatsApp na 064 437 5997 met die woord **Gholfdag** en u naam vir meer inligting.

- Daar is 'n **geleentheid vir 'n gemeente of individu** om by die nuwe **Centurion Boeremark op Saterdae** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. 'n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by **072 737 3644**.

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief


Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

## Gebed vir die week

Vader,
U is die groot Skepper op wie ons almal vertrou,
of ons dit erken of nie.
Met u skeppingsdaad
het U al hierdie wonderbaarlike dinge
in beweging gebring.
As rentmeesters van u skepping,
vra ons dat U u hand hou
oor al die families wat voedsel verskaf vir ons mense,
en oor almal wat aan ons boeregemeenskap voorsien.
En Heer, gee sonskyn sonder droogte,
reën sonder vloede,
en voldoende oeste sodat almal kan floreer.
Beskerm ons boere,
te midde van so baie uitdagings en terugslae.
In die Naam van Jesus.
Amen.

prayforeverything.com/prayers-for-farmers/

(Afrikaanse verwerking van enkele gebede: Tessa Oppermann)



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk